



NUUSBRIEF

Volume 4 van 2019

Oktober 2019

NUUSBRIEF VANUIT SUIDEROORD

Liewe Familie en/of Vriende van ons inwoners by Suideroord Tehuis vir Bejaardes

1. Inleiding

Die woorde van die Jo Black liedjie, “SKEPE” : ‘n Skip word in ‘n hawe gebou. ‘n Skip lyk in die hawe baie mooi vir my en jou. Maar dis nie waarvoor skepe gemaak word nie. Die storms en winde sal waai – Hys jou seile hoog, want een of ander tyd moet die tyding draai. Dan gaan dit aan tot waar die skepe moet uit gaan, want ons is gemaak in HOOP se naam, het my aan Suideroord en Ons Huis laat dink.

Aan die begin van 2019 het ons skip veilig in die hawe gelê, maar die jaar het sy eise aan ons gestel en ons moes uit ons hawe kom met HOOP dat ons die storms sal oorkom. Waar ons vandag aan amper die einde van 2019 staan, kan ons wel met trots sê dat ons ons seile hoog gehys het en met die HOOP en GENADE van Bo die stormsee van 2019 oorwin het. Baie dankie vir elke motivering, donasie, drukkie, geselsie, geskenkie, glimlaggie, blommetjie en gebedjie, ons as Bestuur, Personeel en veral ons Inwoners, maar ook ons Suideroord/Ons Huis-vriende, het dit baie nodig.

Aan ELKEEN wat ‘n bydrae gemaak het tot hierdie sukses, ‘n warm dankie uit ons harte. Waar ons dan nou aan die einde van die jaar se bedrywighede gekom het, is dit dan my voorreg om vir ieder en elk ‘n baie Geseënde Kerstyd toe te wens en ja glo dit as jy wil, voorspoed vir 2020. Ons dink ook vandag aan die vriende en familie wat nie meer saam met ons die nuwe jaar sal ingaan nie, maar ons eer hulle nagedagtenis en glo die wat agter gebly het, sal berusting ontvang.

Kom ons gaan rus lekker, die wat so bevoorreg is en kom volgende jaar terug met nuwe moed, krag en idees om weer ons Suideroord/Ons Huis-Skip die stormsee in te stuur. Aan die wat die wa die Kerstyd deur die drif moet trek, baie dankie daarvoor, jul beurt sal kom.

Laat my dan toe om af te sluit met die volgende gebed wat ‘n baie goeie vriendin met my gedeel het oor GELOOF, HOOP en LIEFDE:

“Liewe Heer:

Gee krag- vir die wat wil gaan lê en nie op kan kom nie,

Genesing – vir die wat so siek is en behandeling moet kry,

Vrede – vir die wat rusteloos is,

Hulp – vir die wat sukkel, waar niks regkom nie,

Moed – vir die wat bang is, wie se selfbeeld geknak het,

Insig – vir die wat soekend is, wie U nog nie ken nie,

en HERE, ‘n Drukkie vir ons almal asseblief omdat ons nie sonder U kan klaarkom nie AMEN”

Seëngroete

Elna Roux

Voorsitter Suideroord Beheerraad

Ns. Vergun my net die geleentheid om namens myself en ek glo ook namens elke inwoner aan ons personeel ‘n WARM WOORD VAN DANKIE te rig vir jul onbaatsugtige diens aan Suideroord en Ons Huis. Aan my Beheerraad en ons Bestuurder, dankie dat jul my so ondersteun. Saam maak ons ‘n wenspan!!

2. Ons kuier by ‘n besondere plek

Uit die pen van ons welbekende Toortsie of beter bekend as Madele Burger (ook ‘n familielid met 2 inwoners in



Suideroord), deel ons graag van haar en haar skoonsuster, Erna van Australind Australië, se kuier in die demensie afdeling van Suideroord :

Ek het vandag by 'n besonderse plek gekuier en raai wat? Dit was héérlik! Die plek waarvan ek praat, is die demensie-afdeling van ons ouetehuis. Iemand het kolwyntjies en koeksisters geskenk vir die demensie-afdeling se inwoners en ek was bevoorreg genoeg om deel daarvan te kon wees.

Toe ons daar aankom, sit al die demensie-inwoners buite in die son. Tog te gesellig onder sonsambrele.

Ons kry gou alles reg en toe word elke inwoner een vir een, met soveel liefde en deernis, ingehelp tot by haar sitplek. Die eetgoedjies word uitgedeel en ons help om die papiertjies om die kolwyntjies te verwyder.

Intussen begin ons eenvoudige volksliedjies te sing en een vir een val almal in en sing al daardie ou mense wat soveel van die lewe verloor het, saam. Ek sing, maar met 'n knop in my keel. Ek soek na my Dina, Vader Jakob, So ry die trein.

Die klompie wat om die tafel sit, voer 'n heerlike gesprek wat my vriendin lei, almal gesels tog te lekker saam, elkeen gee haar mening, al verstaan almal mekaar nie heeltemal nie.

Die een tannie moet beslis musikaal wees, sy wil net dans!

Maar...

Wat my opgeval het, wat my hart week gemaak het, is die sorg en deernis wat elkeen van die personeellede wat daar werk, vir die inwoners het. Dis besonderse mense. Uitgesoekte mense wat nie net werk vir 'n salaris nie, maar elkeen van daardie oumense dien, hulle help, hulle liefdevol versorg, hulle voer waar nodig, aan die hand vat toilet toe, saam met hulle stap, luis-ter na hulle stories.

Dankie, Suideroord Tehuis vir Bejaarders, julle is tops. Ek haal my hoed vir julle af.

Dankie, dankie, dankie

3. 'n Vroeë anonieme Kersgeskenk aan ons demensie afdeling

In Oktober het twee dames met pragtige omgee harte ons demensie afdeling besoek en pragtige slaappoppe as geskenke gebring.

Nadeloos om te sê is dat die inwoners en ja selfs van ons manne aldaar, hierdie ongelooflike welkome geskenk met ope arms ontvang het. Menige personeellid het met trane in die oë hierdie toneel aanskou..... Inwoners wat met 'n breë glimlag hul babas vashou en ons maan om saggies te praat, want hul babas slaap, toegewikkel in splinternuwe toedraai komborsies. Popi wetgewing verhoed dat ons foto's hiervan met u



mag deel, maar die vreugde impak is so ongelooflik kosbaar

Vir 2020 beoog die Beheerraad om ons demensie eenheid op te gradeer en om die hele afdeling opnuut te verf. Steffi Albertyn, 'n Arbeidsterapeut, is gekonsulteer

en pragtige voorstelle is gemaak om die estetiese voorkoms van ons eenheid op te gradeer. Ons is van mening dat ons hiermee ook waarde sal voeg tot die skemer wêreld waarbinne hierdie demensie pasiënte lewe 'n mooi omgewing stem enige persoon tot rustigheid.

Die volgende planne is reeds op die tafel nl. :

- Verf van mure
- Spesifieke plante
- Houtraampie op elke deur waar in hul foto, naam en graad van beweeglikheid in kleurkaart kom
- Mooi sithoekie as aksent punt met twee leerstoel wat die inkontinensie faktor in berekening hou
- Spesifieke skilderye
- Kleurskema in aggenome, mooi plastiek afveerbare gehalte tafeldoeke
- Korrekte beligting
- Uittrek afdak buite in die tuin waar hul somertyd in skadu kan kuier

Sou u moontlik 'n finansiële bydrae vir spesifiek rondom hierdie behoeftes wil maak, sal dit hoog waardeer word. U kan met ons skakel sou u enige vrae het.

4. Sub-akute lisensie vir ons Versorgingseenheid op ons B-vloer

Suideroord is ongelooflik dankbaar om te rapporteer dat ons besigheidsplan vir ons vier huidige beddens, as fase 2 deur die Dept van Gesondheid aanvaar is. Ons is tans besig met die volgende fase wat dan sal lei tot die finale stap van 'n ter plaatse besoek en die uitreik van hierdie lisensie sertifikaat.

Dit sal Suideroord in staat stel om ons tydelike sorg pasiënte die geleentheid te bied om hul fooie van hul mediese fondse te kan verhaal. Dit sal ook meebring dat iemand wat huidiglik in 'n Spescare na 'n operasie sorg moet verkry, dit dalk in sy eie tuisdorp kan ontvang. Veral vir ouer persone is 'n besoek aan hulle eggenoot in 'n ander dorp elders, nie altyd prakties haalbaar nie.

Ons vertrou dat ons vroeg in 2020 moontlik verdere goeie nuus in die verband met u sal kan deel.

5. Fondsinsamelings

Suideroord is baie dankbaar teenoor elke familielid, lid van die publiek, donateur, verskaffer ens. wat deur middel van 'n skenking/donasie bygedra het tot die suksesvolle bestuur van 'n aanvanklike begroting vir die boekjaar 2019/2020 met 'n begrote verlies van R1 180 446.00. Die Beheerraad en personeel vertrou dat ons teen Maart 2020 met 'n surplus sal kan afsluit. Dit sou geensins moontlik gewees het as daar nie inkoop deur ons gemeenskap was nie. Ons wil graag vanjaar met ons liggie projek 8 hospitaalbeddens aankoop.

Die volgende projekte is in beplanning vir ons laaste kwartaal :

- Koop 'n liggie vir R100 (Okt/Nov)
- MOOV Golfdag (Nov)
- "Bederf die Boere" oespakkies (Okt/Nov)
- Kerssangdiens (26 Nov)

Suideroord is ook in proses om met gemeenskapsgebaseerde uitreikdienste deur middel van spesifieke programme, ons befondsing aan te vul nl.

- Intermediate program van 4 beddens gefinansier deur die Dept van Gesondheid
- Spyseniering
- Meerdoelige benutting van ons waskamer



6. Moniteringsbesoek van Dept van Maatskaplike Ontwikkeling (deur 'n audit span)

Op 19 en 20 September 2019 het 3 persone van bogenoemde Dept. Suideroord besoek. Alle fasette van dienslewering is gemoniteer en dit is met groot dankbaarheid dat die Beheerraad en senior bestuur span, in die mondelingse terugvoer gesprek verneem het dat ons Te huis 'n skoon audit gekry het. Suideroord voldoen aan die vereistes rakende die minimum norme en standaarde van die Wet op Ouer Per sone 13 van 2006. 'n Veer in die Suideroord hoed was onder andere die volgende wat hul uitgewys het :

- 'n Kundige en betrokke Beheerraad wie se samestelling 'n weer spieëling is van die breë gemeenskap.
- Interne beleidsdokumente wat werksprosedures uitspel aan be trokke personeel.
- Voldoening aan talle Wetgewing vereistes en spesifiek die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid.
- Deeglike rekorderingstelsel en byhou van talle notules van verga derings ens.
- Opleiding van personeel.
- Vyfjaar strategiese plan wat fokus op menslike hulpbronne, onder houd en geboue, finansies, inwoners en bestuurs riglyne en siste me.
- Inkorpering van ander toepaslike rolspelers in ons plaaslike ge meenskap.
- Gemeenskapsgebaseerde uitreikdienste vanuit Suideroord nl. in termediate sorg, sub-akute versorgingskamer, hulp aan opko mende organisasies met skryf van beleide, opleiding van hul per soneel ens.
- Intergenerasie programme met plaaslike skole.
- Volhoubaarheidsplanne.

7. Klagte prosedure

Alhoewel die gedeelte ook in voorafgaande nuusbriewe verskyn het, wil ons graag aan ons nuwe familielede die prosedure verduidelik ten einde te verseker dat daar geen struikelblokke of mis verstande is wat ons kommunikasie kan kelder nie. Om kommunikasie met u as familielid en/of vriende van ons inwoners maksimaal te benut, wil ons graag ons senior personeel (afdelingshoofde) se e-pos adresse met u deel nl:

Karin Dickason
Hoof Uitvoerende Beampte
bestuur@suideroord.co.za

Liami van Wyk
Bestuurder Admin
sekretaresse@suideroord.co.za

Org Kuhn
Bestuurder Terrein
terrein@suideroord.co.za

Teresa Snyders
Bestuurder Finansies
rekening1@suideroord.co.za

Esther Möller
Bestuurder Voedseldienseenheid
vde@suideroord.co.za

Merilda Binneman
Bestuurder Verpleging
verpleging@suideroord.co.za

Ons wil u vriendelik nooi om ons enige tyd te kontak indien daar by u enige klagte / behoefte of onsekerheid bestaan. Aangesien ons graag die klag sinvol wil hanteer, is dit vir ons belangrik dat u dit op skrif stel om enige latere misverstande te verhoed. U klagte word aangeteken op 'n register en word maandeliks voorgelê aan die Beheerraad om te evalueer of dit suksesvol afgehandel is. Ons wil nie graag elders in die dorp of op sosiale media kennis neem van enige ongelukkigheid nie. Die kanale is beskikbaar indien daar by u behoefte bestaan. U kan 'n klagte neem na die ombudspersoon indien u van mening is dat die betrokke senior personeel en/of bestuurder dit nie na wense hanteer het nie.

8. Wie is die ombudspersoon?

'n Ombudspersoon is 'n vrywilliger wat deur die bestuur van 'n ACVV inrigting / fasiliteit aangewys word om klagtes in die inrigting / fasiliteit objektief te ondersoek. Kontak me Marieta Bester by 028 4251609 wat tans die ombudspersoon by Suideroord is. Sy woon ook maandeliks die Beheerraadsvergaderings by en doen verslag van enige klagtes wat ontvang is.

9. Heerlike boerekos—ideaal vir vandag se besige skedules en/of die Kersseisoen wat voorlê!

Suideroord se immer gewilde gevriesde etes is weer in voorraad. Vul u vrieskas en word nie onverhoeds gevang met gaste wat skielik opdaag nie. Probeer gerus ook ons heerlike tuisgebakte beskuit net soos Ouma s'n! Bestellings kan geplaas word by 028 4241080 of stuur 'n e-pos na vde@suideroord.co.za (Vir volledige bestelvorm en navrae Esther Möller)

SUIDEROORD TEHUIS PRYSLYS		
GEVRIESDE ETES		
Beespastei	Enkel	R35,00
	Dubbel	R65,00
Hoenderpastei	Enkel	R35,00
	Dubbel	R65,00
Bobotie	Enkel	R35,00
	Dubbel	R65,00
Herderspastei	Enkel	R35,00
	Dubbel	R65,00
Beef Lasagne	Enkel	R35,00
	Dubbel	R65,00
Hoender Lasagne	Enkel	R35,00
	Dubbel	R65,00
Macaroni & Kaas	Enkel	R20,00
	Dubbel	R35,00
Sop Beesstert	500 ml	R15,00
	1 Liter	R30,00
Sop Hoenderroom	500 ml	R15,00
	1 Liter	R30,00
Sop Butternut	500 ml	R10,00
	1 Liter	R20,00
Sop Boontjie	500 ml	R10,00
	1 Liter	R20,00
Malvapoeding	Enkel	R20,00
	Dubbel	R35,00
BESKUIT		
Karringmelk	400 g	R35,00
Semel	500 g	R35,00
Gesondheid	400 g	R40,00

10. Vriendelik dog noodsaaklike versoeke vanaf bestuur



- Indien u 'n kontrakteur benodig om iets in u ouer se kamer / woonstel te herstel moet u deur die Suideroord kanale werk. Suideroord het 'n lys van goedgekeurde kontrakteurs wat voldoen aan die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en veiligheid. 'n Kontrakteur wat nie by die Ongevalle Kommissaris geregistreer is nie, mag nie by ons werk saam wees nie.
- Stoorplek in Suideroord is werklik min, daarom dat ons op u 'n beroep wil doen om alle oortollige meublement so gou moontlik te verwyder.
- Dit gebeur nou dikwels dat familie na afsterwe meublement, klere en of toerusting aan Suideroord skenk en dan binne enkele dae / weke maar soms ook maande daarna weer aanspraak maak op dit. Gevolglik gaan ons voortaan dat skenkings per dokument geskied, want soms skenk Suideroord dit wat oortollig raak weer aan ander hulpbehoewendes en lei dit tot groot verwarring as familie dit later weer opeis.
- Familie rapporteer dikwels verlore wasgoed en by nadere ondersoek blyk dit ongemerk te wees. Dit verg baie tyd om verlore ongemerkte goedere se eienaars te soek. Merkpenne was uit en daarom word u vriendelik dog dringend versoek om u familielid se klere / linne met gedrukte naambandjies te merk. Plaaslik kan u dit by o.a. Under Cover of Star Signs laat druk.
- Wanneer u as familielid privaat vir u ouer 'n mediese afspraak maak, moet u asb eers met die Bestuurder Verpleging kommunikeer. Suideroord het nie altyd dan iemand om u ouer te neem nie en dit bring mee dat een van die seniors binne kantoorure kosbare werkstyd verloor om hul vir hul afspraak te vervoer.
- Suideroord se kragvoorsiening is reeds aangepas en maak verseker 'n impak op ons bedryfskoste. Inwoners in kamers het almal paneel verwarmers en word beperk tot 5 items en die bestaande SABS multi plug. Dit behels 'n televisie / dstv / paneelverwarmer, yskassie, bed lampie en ketel of mikrogolf.

- Foutiewe apparaat, wat eiendom van inwoners is, lei dikwels tot kragonderbrekings en in lyn met beroepsveiligheidsvereistes mag Suideroord personeel nie self op die elektriese borde kragkakelaars terugdruk nie. Verwyder asb enige apparaat anders as hierbo genoem uit u ouer se kamer.
- Indien u ouer enige spesiale dieet moet volg (nie voorkeure nie) moet 'n mediese sertifikaat aan die VDE Bestuurder oorhandig word.
- Voltooi asb. ons besoekersboek wanneer u in en uit beweeg, want in lyn met Beroepsveiligheid regulasies moet ons weet wie in die gebou is in geval van 'n brand is ens.
- Gegewe die Popi Wet mag Suideroord nie persoonlike inligting verskaf van enige inwoner en/of hul familie nie. Dit beteken selfs aan u ouer se mediese dokter. Indien u hiermee 'n probleem het of dat u ouer soms op ons Facebook verskyn sou hul 'n sosiale geleentheid bywoon, sal ons graag van u wil verneem. Kan u dalk ook die ingeslote vrywaring in die verband voltooi indien u dit nog nie gedoen het nie en aan ons voorsien.
- Indien u kontakbesonderhede verander as familie moet u dit asb. per e-pos bevestig met me Liami van Wyk by: sekretaresse@suideroord.co.za
- Suideroord ondervind tans probleme met inwoners wat weier om hul kamer tydens die skoonmaakproses te verlaat deur bv. op die bed te sit. Dit bemoeilik die wegskuif van meubels en tesame met oorvol meubilering, belemmer dit die daaglikse skoonmaakproses. U motivering in hierdie verband sal ons help om kwaliteit skoonmaakdienste te lewer.

*old age needs so little but
little means so much to old age*

10. Dankie

Ons Voorsitter van die Beheerraad het alreeds in haar inleiding boodskap ons opregte dank oorgedra. Graag wil ek hierby aansluit met die volgende woorde :

Ons opregte waardering vir elkeen wat in 2019 op welke wyse ook al bygedra het tot die kwaliteit sorg en geluk van ons inwoners. Al sou u reken dat u besoek, donasie en/of skenking so gering was, wil ek u verseker dat elke bydrae soos 'n druppel in 'n emmer uiteindelik die inhoud tot oorlopens toe vul en dat u as instrument in Sy hand meegedoen en bygedra het dat Sy genade vir 2019 oorvloediglik in Suideroord ervaar kon word.

Kersgroete
Karin Dickason

Hoof Uitvoerende Beampte: Suideroord

Geseënde
Kersfees

Ter beskerming van persoonlike inligting van Suideroord Tehuis se inwoners

Ek, die ondergetekende _____

(volle name en van)

ID nr _____

Gee hiermee toestemming dat my persoonlike inligting aan die volgende persone / instansies bekend gemaak word.

Parafeer langsaan as dit u goedkeuring wegdra :

Mediese dokter _____

Hospitaal waar ek 'n pasiënt was / is _____

Prokureur _____

Aptek _____

Kinders (familie) _____

Kerk (verjaardagdatum) _____

Predikant _____

Sosiale media (bv. Facebook foto) _____

Website (bv. foto) _____

Geteken te _____ op die _____ dag van _____ 20 _____

Inwoner

Datum

Familielid

Datum

Getuie

Datum

Soos goedgekeur by die Beheerraad van 14 Maart 2019